Saam boer ons vooruit
Farming together for success
www.laeveld.co.za

Robert Edmonds

Area: Piketberg

T: 072 556 9409 / E: robert@laeveld.co.za

Gewasse: Wingerd, steen- en kernvrug, sitrus, graan.
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste.

Robert Edmonds het in Piketberg grootgeword, waar sy ouers bo-op die berg geboer het. Hy was in Hoërskool Piketberg en matrikuleer in 2012 as hoofseun. Dié kranige sportman het oor die jare provinsiale kleure in krieket, rugby en tennis verwerf.

Robert kom uit 'n hegte gesin van vier. Sy pa is 'n boer en landboukonsultant en is verseker die persoon van wie Robert sy passie vir die landboubedryf gekry het. Sy pa is 'n kenner van baie gewasse en spog self met 'n internasionale toekenning in die landboubedryf. Sy ma is hul gesin se steunpilaar en sy is ook nie 'n vreemdeling in die landboubedryf nie – van 'n pakstoor kan 'n mens haar nie veel vertel nie.

Na skool het Robert bemarking in Stellenbosch studeer. Hy is tans besig met die finale termyn van 'n korrespondensie BBA-graad in Bemarking. Hy het ook sy CropLife-kwalifikasie en 'n sertifikaat in sitrusproduksie verwerf.

Sy eerste werk was as 'n Junior Bestuurder op 'n kernvrugplaas in Piketberg en daarna het 'n geleentheid as Gewasadviseur oor sy pad gekom. Hy is nou al amper vier jaar in die landboubedryf. Gedurende sy eerste twee jaar in die landboubedryf het Robert onder andere in Kakamas in die Noord-Kaap veral ondervinding in wingerde opgedoen. Hier het hy ook sy passie vir sitrus ontdek (die bietjie sitrus wat daar in hierdie omgewing is) en het hy ook die geleentheid gehad om op groot skaal met dadels te werk. Later het hy vir dieselfde maatskappy in Citrusdal gewerk, waar hy meestal met sitrus en steenvrugte te doen gekry het.

Robert beskryf homself as 'n mense-mens, maar hy geniet dit ook om soms net rustig te wees. Hy vind geluk in ander se geluk, maar druk homself ook om sy eie drome te bereik. Hy geniet gholf of tennis saam met sy vaste vriendin wat 'n tennisafrigter is. Jag en visvang is ook van sy gunsteling tydverdrywe. Verder geniet hy tyd saam met sy familie en vriende.

Robert gaan in die Piketberg-, Porterville- en die Sandveldstreek werk. Die gewasse waarop hy gaan fokus, is hoofsaaklik wingerde, steenvrugte, kernvrugte, sitrus en graan. Hy geniet dit om meer te leer van enige gewas of om 'n algemene bydrae te lewer in die veld.

Sy visie is om betrokkenheid, bystand en raad te bied aan sy kliënte. Hy wil boere help om die beste eindproduk te lewer sodat hulle die maksimum wins kan behaal en hul boerderye so volhoubaar as moontlik kan bestuur vir die toekoms.

Robert verduidelik dat die werk wat hy saam met Laeveld Agrochem doen, met passie gedoen word om saam 'n verskil in die landboubedryf te maak. Die presisiedienste is op 'n ander vlak en boere kan soveel baat vind deur daarvan gebruik te maak en te integreer in hulle boerderye.

"Met Laeveld Agrochem en Agri-Technovation se kundigheid en bystand kan mens net vooruit boer," sê Robert.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.